

Beste Graad 12-leerder

Musiek vereis gereelde studie en oefening van die skriftelike sowel as die praktiese komponente.

Jy word toegelaat om tussen Westerse Kunsmusiek, inheemse Afrika-musiek en Jazz te kies.

Vakvereistes

- ➔ Musiekinstrument
- ➔ Algemene Musiekkennishandboek
- ➔ Manuskripboek
- ➔ CD/DVD-speler

Inhoudskontrolelys

Hieronder is 'n kontrolelys wat jy kan gebruik om te verseker dat jy al die werk vir Graad 12 voltooi het.

1. Voordrag

Berei **drie stukke** voor vir jou gekose instrument. Ten minste een van die stukke moet 'n ensemblewerk wees. Addisioneel tot jou voordrag sal jy ook op jou gehoorvaardighede getoets word deur van die blad te sing, drieklanke te sing en ritmes te klap. Van jou word ook verwag om 'n musiekstuk wat jy nie vantevore gesien het nie te bladlees.

2. Teoretiese Werk

In Graad 12 moet jy die volgende verstaan, identifiseer en gebruik:

- ➔ Sopraan-, Bas-, Alto- en Tenoorsleutels
- ➔ Majeur-, harmoniese mineur-, melodiese mineur-, pentatoniese-, chromatiese-, heeltone- en bluestoonlere, modusse
- ➔ Alle toonsoorttekens
- ➔ Tydmaattekens en groepering van note
- ➔ Intervalle
- ➔ Transposisie en transkripsie
- ➔ Drieklanke, primêre- en sekondêre- akkoorde in alle posisies
- ➔ Kadensiële- en deurgangs 6/4-akkoorde
- ➔ Dominant sewende in grondposisie
- ➔ Nie-akkoord note
- ➔ Musikale terme

Jy sal ook 'n gegewe melodie tot en met 12 mate vir enige instrument moet voltooi.

3. Musiekgeskiedenis

Indien jy die **Westerse Kunsmusiekbaan** gekies het, moet jy die volgende verstaan:

- ➔ die terme **simfonie** en **simfoniese toongedig**
- ➔ die ontwikkeling van die simfonie vanaf Haydn tot Mendelssohn
- ➔ die terme **opera**, **opera seria**, **opera buffa**, **aria**, **resitatief**, **libretto**, **koor**
- ➔ die ontwikkeling van opera vanaf die Kamerata tot Mozart

Bestudeer die volgende werke in detail:

- ➔ Beethoven se **Simfonie No. 6**
- ➔ Mendelssohn se **Fingal se Grot/Hebrides Ouverture** en
- ➔ Mozart se **Die Towerfluit**

4. Vorm en struktuur

- ➔ Minuet en Trio
- ➔ Rondo
- ➔ Sonatevorm

Indien jy die **Jazz-baan** gekies het, moet jy die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse jazz-style verstaan:

- ➔ Marabi
- ➔ Kwela
- ➔ Mbhaqanga
- ➔ Nuwe Jazz, Kaapse Jazz, Kontemporêre Jazz

Indien jy die **Inheemse Afrika-musiekbaan** volg, moet jy die volgende verstaan:

- ➔ Die funksie van musiek in Afrikagemeenskappe
- ➔ Die geskiedenis en ontwikkeling van moderne konstruksies in Afrikamusiek en algemene kenmerke van
 - Mbhaqanga
 - Maskandi
 - Iscathamiya
 - Malombo Jazz
 - Vrye Kiba

5. Musiekindustrie

- ➔ Hoe 'n musiekwerk gepubliseer en geregistreer en deur kopiereg beskerm word
- ➔ Opnamemaatskappye in Suid-Afrika

Assessering

Vyf take maak deel uit van 50% van die finale punt:

TWEE Praktiese Assesseringstake (PATe): 100 (konstitueer 25% van die finale punt)

- ➔ PAT 1: Eie komposisie of verwerking of improvisasie (50)
- ➔ PAT 2: Openbare voordrag van een stuk en programnotas (50)

DRIE SBA take: 100 (konstitueer 25% van die finale punt)

- ➔ Kwartaal 1 Toets (100)
- ➔ Halfjaarlikse eksamen (300)
- ➔ Proefeksamen (300)
- ➔ Totaal SBA: 700/7 = 100

Die oorblywende 50% is van die finale eksterne eksamen verkry

- ➔ Die geskrewe eksamen (Vraestel 1 en Vraestel 2) konstitueer **25%** van die finale punt
- ➔ Die praktiese eksamen (Vraestel 3) konstitueer **25%** van die finale punt

Wenk vir sukses

- ➔ Jy sal goeie punte behaal indien jy daagliks jou stukke en tegniese werk oefen en al jou take inhandig

Werk deur vorige eksamenvraestelle

Eksamenvraestelle en voorgestelde antwoorde van vorige jare is beskikbaar by die volgende webtuiste:

<http://wced.school.za/documents/Matric/matric-n/index.html>

